Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

DIE WINDPOMP

Musiek: Lucas Maree
Teks: Lucas Maree

Daar waar die wolke wieg soos baarde
Soos Kersfeesvaderbaarde oor die aarde
Daar sing die ou windpomp sy ballade
In die in die wind se waai-genade
Voer hy sy draaibestaan

Sien jy hoe staan sy staan dors gedaante
Sy stokou staalgeraamte en soek na water
Net soos hy is ek ook 'n geraamte
'n vlees en bloed gedaante
Wat meesal dors rondstaan

Waar die windpomp draai
Binne in die wind se waai in
Daar gaan loop my hart 'n wye draai
En uit die saad wat in my hart se land gesaai is
Groei 'n lied vol hoop wat draai en draai.

Meesal is sy vreugde maar beswaard
Sy skinkerslied drup traag soos trane oor die aarde
Maar dan weer kom die wind se waai-gevaarte
Draai sy kop na haar toe
En stroom die water

Daar waar die wolke wieg soos baarde
Soos Kersfeesvaderbaarde oor die aarde
Daar sing die ou windpomp sy ballade
In die in die wind se waai-genade
Voer hy sy draaibestaan

Waar die windpomp draai
Binne in die wind se waai in
Ruik jy al die reën oor jong gesaaides
En uit die saad wat in my hart se land gesaai is
Word die hoop 'n lied wat draai en draai.